TIK OP U EIE BRIEFHOOF

OOREENKOMS AANGEGAAN TUSSEN

(Hierna verwys as "die Werkgewer") en hierin verteenwoordig deur

----

Adres van werkgewer ----------

EN

(Hierna verwys as die "Werknemer")

Adres van werknemer ----------

Huis Tel. Nr:_____ Cell Nr:_____

Alternatiewe kontak besonderhede:

Naam:_____ Tel. Nr:_____

Verwantskap_____

1. VOORWAARDES

(i) soos gespesifeer in hierdie ooreenkoms;
(ii) die voorwaardes wat nie hierin gespesifeer is nie, soos vervat in die indiensnemingsbeleid van die werkgewer waarvan 'n kopie hierby ingesluit is. **Sien aangehegte Bylae "A"**

2. POSBENAMING

U word hiermee aangestel as 'n _____.

3. POSBESKRYWING

U vernaamste pligte sal bestaan uit: Sien aangehegte bylae "B" tot hierdie ooreenkoms die volledige posbeskrywing vir hierdie pos. U bevestig hiermee dat u bekwaam en bevoeg is om die werk waarvoor u in diens geneem is bevredigend te verrig.

U aanvaar ook dat die inhoud van u pos van tyd tot tyd kan verander maar dat alle wesenlike veranderinge eers met u bespreek sal word voordat die verandering geïmplementeer word.

4. DIENSTERMYN

Dit word ooreengekom dat hierdie dienskontrak vir 'n onbepaalde tyd sal geld **vanaf**_____ tot en met die geldende aftreeouderdom wat tans 60 jaar is.

OF

Dit word ooreengekom dat die dienskontrak vir 'n bepaalde tyd sal geld **vanaf** _____ **tot** _____. Aan die einde van die kontrakperiode sal u nie 'n outomatiese reg tot verlenging van die kontrak hê nie. Alhoewel, twee weke voor beindigning van hierdie kontrak sal die moontlikheid van beindiging/verlenging met U bespreek word.

OF

U word aangestel vir 'n proeftydperk van _____weke/maande vanaf die datum van diensaanvaarding. U gedrag en werkprestasie sal gedurende die proeftydperk geëvalueer word terwyl u deurlopend opleiding en leiding sal ontvang.

5. WERKURE

U gewone daaglikse werkure is **vanaf** _____ **tot** _____,
Saterday is vanaf : _____ tot _____.
en Sondag is vanaf : _____ tot _____.

6. ETENSPOUSE OF DAG/MIDDAG AF

U etenspuose sal wees vanaf _____ tot _____.

OF

U dag af sal wees op 'n _____.

OF

U middag af sal wees op 'n _____.

7. OORTYD

Daar sal van U verwag word om oortyd te werk soos deur die werkgewer benodig tot 'n maksimum van tien ure per week en nie meet as drie dae per week. Die tarief vir oortydbetaling is een-en-'n-half keer U gewone uur tarief.

U onderneem hiermee in beginsel om oortyd te werk.

8. PUBLIEKE VAKANSIEDAE

As U dag/middag af op 'n publieke vakansiedag val sal u nie 'n addisionele dag/middag af kry nie.

As U dag/middag af nie op 'n publieke vakansiedag val nie is nog geregtig op U dag/middag af.

As U instem om op 'n publieke vakansiedag te werk, is U geregtig om op 'n ander dag in die opvolgende week U dag/middag af te neem.

Die weknemer se betaling vir 'n publieke vakansiedag (sou hy/sy instem om te werk) sal gelyk wees aan dubbel die normale dagtarief.

9. VERGOEDING

U salaris is R_____per maand en sal maandeliks terugwerkend betaal word op die _____van die maand.

OF

U salaris is R_____per week en sal weekliks terugwerkend betaal word op elke_____van die week.

OF

U sal vergoed word teen _____% kommissie en geen voorraad aftrekking.

U sal ook _____% kommissie verdien op verkope van voorraad.

U salaries sal soos volg oorbetaal word:

__ per tjek
__ kontant
__ direk in U rekening.

Salarisverhogings sal elke jaar gedoen word volgens die Bedingingsraad se Hoofooreenkoms.

10. AFTREKKINGS

Aftrekkings sal volgens voorgeskrewe wette (Bedingingsraad Hoofooreenkoms, WVF, Ontvanger van Inkomste) gedoen word.

11. VERLOF

JAARLIKSE VERLOF

U sal geregtig wees op 18 werksdae jaarlikse verlof met volle besoldiging vir elke jaarlikse verlofsiklus. As U vir 5 jaar of langer in die werkgewer se diens is sal U op 24 dae werksdae jaarlikse verlof geregtig wees.

Verlof sal geneem word op 'n tyd wat ook vir die werkgewer aanvaarbaar is. Verlof word geneem na skriftelike aansoek deur die werknemer en skriftelike goedkeuring deur die werkgewer.

SIEKTEVERLOF

As U 1 of 2 dae afsiek sou wees is nie die werkgewer of die Siektebesoldigingsfonds verantwoordelik om U te betaal nie. Sou U 3 dae of langer afsiek sou wees sal die werkgewer/Siektebesoldigingsfonds U die die eerste 6 dae die helfte van die voorgeskrewe salaries betaal en daarna (aaneenlopend) voluit tot en met 60 dae per jaar. Die Siektebesoldigingsfonds sal net betaal as U aan die Fonds behoort. Andersins is die werkgewer verantwoordlik om U dieselfde te betaal.

KRAAMVERLOF

U is geregtig op 4 weke voor die verwagte geboorte datum en 13 weke na die geboorte van die baba.

Die werknemer mag nie vir 6 weke na die geboorte van die baba werk nie, tensy 'n mediese dokter of vroedvrou aandui dat sy geskik is om te werk.

GESINSVERANTWOORDELIKHEIDS VERLOF

Die werkgewer is verplig om 'n vader van 'n pasgebore baba 3 dae gesinsverantwoordeliksheid verlof toe te staan vanaf die dag van geboorte.

Die werknemer is geregtig op 3 dae (van elke jaarlikse verlof siklus) gesinsverantwoordelikheids verlof vir wanneer haar/sy kind siek is.

MENSLIKSHEIDSVERLOF

Die werknemer is geregtig op 6 dae menslikseheidsverlof (van elke jaarlikse verlof silkus) vir die afsterwe van 'n primêre gesinslid.

Primêre gesinslid beteken:

Wederhelf of lewensmaat, ouers, aangenome ouers, groot ouers, kind, aangenome kind, kleinkind, broer of suster.

Die werknemer is geregtig op een onbetaalde dag menslikheidsverlof vir enige ander familielid. Alhoewel die werknemer verplig is om aan die werkgewer 'n bewys te lewer dat dit 'n familielid is.

12. AFWESIGHEID SONDER TOESTEMMING

Die werknemer aanvaar dat sou hy/sy afwesig is sonder toestemming vir meer as ses aaneenlopende werksdae of ses werksdae gedurend die voorafgaande ses maande van diens word dit beskou as **dros**.

13. VERBOD OP PRIVAAT WERK

n' Werknemer mag NIE, tensy met vooraf geskrewe toestemming van die werkgewer, enige haarkapper dienste vir betaling doen nie. As hy/sy dit wel doen kan hy/sy ontslaan word vir die oortreding nadat n' verhoor gehou is. Verder kan die werkgewer did bedrag wat verdien is van die werknemer eis.

14. GRIEWE-EN DISSIPLINÊRE PROCEDURES EN KODES

U onderneem om by die werkgewer se neergelegde griewe- en dissiplinêre procedures en kodes te hou en dit word uitdruklik verklaar dat dit deel vorm van hierdie ooreenkoms asof hierby ingesluit. U verklaar hiermee dat U die dokumente deurgelees het, en die inhoud verstaan en aanvaar. **Sien aangehegte Bylae "C" en "D"**

15. VERTROULIKHEID

U onderneem om geen inligting in verband met U werk of van die bedryf van die werkgewer sonder toestemming aan enige ongemagtigde persoon of instansie bekend te maak nie. Sulke inligting sluit die volgende in: produksie prosesse, rekenaarsagteware, kliëntelyste, handelsgeheime, tegniese inligting, finansiële inligting of enige inligting wat skadelik vir die werkgewer mag wees.

16. GESONDHEID EN VEILIGHEID

U is verantwoordlik om redelik voorsorg te tref vir U eie gesondheid en veiligheid sowel as die van ander persone wat dalk deur U optrede benadeel kan word.

U onderneem verder om alle veiligheids- en sekuriteitsreëls ingevolge veiligheidswetgewing na te kom sowel as gesondheids- en veiligheidsregulasies voorsien deur die werkgewer.

17. DIENSBEËINDIGING

Hierdie ooreenkoms mag beëindig word deur die volgende kennisgewingperiodes:

(i) kennisgewingperiode van 6 werksdae indien u 6 maande of korter in diens was;

(ii) kennisgewingperiode van 12 werksdae indien u vir langer as 6 maande in diens was.

18. OPLEIDING *In die geval van n' leerling wat verbind is met hierdie kontrak*

In die geval van n' leerling wat verbind is met hierdie kontrak, is dit hiermee ooreengekom dat sou die leerling die diens van die werkgewer verlaat binne die eerste jaar nadat hy/sy vaktoets geslaag het, sal die werknemer verantwoordlik wees om enige koste wat vir opleiding deur die werkgewer betaal is aan die werkgewer terug te betaal.

19. OORPLASING

Die werkgewer behou die reg om die werknemer na enige van sy ander salonne oorplaas, sou die werkgewer voel dat dit in die besigheid se beste belange is. Konsultasie sal plaasvind en redelike kennis sal gegee word.

20. WYSIGINGS

Wysigings of veranderings aan hierdie kontrak sal slegs geldig wees as beide partye sodanige wysigings of veranderings skriftelik sal formuleer en onderteken.

21. ONDERNEMING TOT GOEDERTROU

U en die werkgewer onderneem om hierdie ooreenkoms ter goedertrou uit te voer. U onderneem ook om uself vir die duur van hierdie ooreenkoms onder toesig en beheer van die werkgewer met betrekking tot die uitvoering van U opdragte te plaas.

22. BARGAINING COUNCIL BESONDERHEDE

Sien aangehegte Bylae "E"

ONDERTEKENING VAN KONTRAK:

By ondertekening van hierdie kontrak aanvaar albei partye ontvangserkening van 'n afskrif van hierdie kontrak, en bevestig dat albei partye die kontrak en die bylae gelees het. Albei partye verstaan die inhoud hiervan en neem verantwoordlikheid dat hierdie kontrak wettig bindend is. (***Alle bladsye moet geparafeer word deur alle partye.***)

DATUM wat KONTRAK aan WERKNEMER oorhandig IS: .....

Neem Asb. Keenis as hierdie kontrak nie binne 14 dae geteken aan die WERKGEWER terugbesorg is nie, en die Werknemer aanhou om vir die Werkgewer te werk, word dit geag dat die WERKNEMER die bepalings en voorwaardes van hierdie kontrak aanvaar en dat dit wettig bindend is.

GETEKEN te _____ geteken namens die Salon (DIE WERKGEWER) en deur die WERKNEMER op die _____ DAG van _____ 20___.

_____ _____

Handtekening van WERKGEWER (Eienaar) **(Naam in DRUKSKRIF)**

_____ _____

Handtekening van WERKNEMER **(Naam in DRUKSKRIF)**

In die teenwoordigheid van die ondertekende Getuies:

Getuie 1_____ _____

(Naam in DRUKSKRIF)

Getuie 2_____ _____

(Naam in DRUKSKRIF)